

## Saterdag 23 Maart

**Skrifgedeelte: Josua 19:1-31**

**Fokusgedeelte: Genesis 49:5-7, 13-15, 20**

### **Ons lot is in die veilige hande van die HERE!**

Dit is absoluut besonders om te sien hoe die Here se woord in vervulling gaan en Hy getrou bly aan die beloftes wat Hy maak. In Genesis 49, net voor Jakob te sterwe gaan, lees ons van sy seën vir elke seun. Hier in Josua 19 sien ons die vervulling van Jakob se seën etlike jare vantevore. Kom ons kyk vlugtig daarna:

- Simeon word saam met Levi genoem as een wat weens geweldpleging “*versprei word tussen die stamme van Israel*”. Simeon het inderdaad nie grondgebied van hulle eie gekry nie, maar eiendom binne-in Juda aangesien Juda se grondgebied uiters groot was.
- Sebulon se gebied grens aan die Middellandse See – “*Sebulon woon by die strand*”.
- Issaskar se grondgebied bestaan hoofsaaklik uit die Jisreëlvlakte. Dit was een van die vrugbaarste dele van die beloofde land – “*Hy sien 'n goeie woonplek, 'n mooi landstreek*”.
- Aser ontvang 'n grondgebied wat ryk is aan koningskos: graan, wyn en olie – “*Aser eet ryk kos, hy eet koningskos*”.

In die verdeling van die grondgebied tussen die stamme word die wyse woorde van Spreuke 16:33 bevestig: “*Mense kan loot, maar die Here bepaal hoe dit uitkom*.” Ja, alhoewel die Here vir Moses in Numeri 26:55-56 die opdrag gee dat deur loting bepaal moet word watter eiendom elke stam moet ontvang, was dit geen gelukskoot nie. Lank tevore reeds het God in sy ewige raadsplan bepaal wat elke stam, elke familie sou ontvang. By monde van Jakob het God aan elke seun/stam sy grondgebied beloof en dit ook so toegeken.

Op hierdie wyse voorsien God vir elke stam en familie op grond van sy beloftewoord wat Hy gestand doen. In Christus het God aan ons die hemelse Vaderland voorsien. Die soldate het onder mekaar vir Jesus se klere geloot (vgl. Joh. 19:23-24), maar God het lankal reeds die uitkoms bepaal. Ons lot is die ewige lewe by God, omdat Hy in Christus sy beloftewoord waarmaak!

*Sing: Psalm 105:1:8, 24*

*Ds. W Jobse (Wilhan) (Jeffreysbaai)*